Ontdek God Saam

(v 1.0)



’n Riglyn om nuwe groepe te lei

‘n Goeie leier verskaf nie die antwoorde nie, maar vra goeie vrae!

Ontdekkingsgroepe is so eenvoudig dat enigeen so ’n groep kan begin. Enigeen kan ook die byeenkoms lei. Ons verkies dat die byeenkomste **eenvoudig** gehou word.

‘n Paar riglyne:

- Niemand in die groep mag preek of lering gee nie
- Gun elkeen ‘n geleentheid om iets te deel
- Moenie die Skrif net lees nie, maar pas dit toe in jou lewe
- Deel met die ander dit wat jy leer
- Spreek die behoeftes in die groep en in die gemeenskap aan op gepasde en praktiese maniere

Die Ontdekkingsbyeenkoms

1. Bou Gemeenskap

- **Groepinteraksie**
  - Waaroor is jy dankbaar hierdie week?
  - Watter behoeftes het jy of ander?
  - Hoe kan ons hierdie behoeftes aanspreek?

2. Lees en Bespreek

- **Oorsig van die vorige bespreking**
  - Wat het ons verlede week geleer?

- **Terugvoering**
  - Met wie kon jy verlede week se lering deel?
  - Hoe kon jy verlede week se lering in jou eie lewe toepas en gehoorsaam?
- **Nuwe Bespreking**
  - Lees die Skrifgedeelte saam hardop
  - Laat een person die algehele boodskap van die Skrifgedeelte in sy of haar eie woorde oorvertel
  - Vra die res van die groep om enigiets wat dalk ontbreek, aan te vul
  - Herhaal hierdie proses vir elke vers van die Skrifgedeelte onder bespreking
  - Aan die einde vra: "Wat vertel hierdie Skrifgedeelte ons van God?" "Wat vertel hierdie Skrifgedeelte ons van die mens?" "Wat vertel hierdie Skrifgedeelte ons van God se plan? " Laat genoeg tyd vir antwoorde. Weerstaan die versoeking om die betekenis van die Skrifgedeelte vir die groep te wil gee!
  - Vra: "As dit wat jy nou gelees het waar is, wat gaan jy daaromtrent doen?"

3. Maak 'n Onderneming (Ek sal . . .)

- Dit wat ek hierdie week geleer het in my lewe **toepas**
- Met ander **deel**
- **Help** om die behoeftes van die groep en die gemeenskap te bevredig

Ontdek God

Hieronder is 'n reeks Skrifgedeeltes wat ons met elke nuwe groep deurwerk. Dit is belangrik om met die Skepping te begin. Elkeen van die stories gee toeligting aan 'n belangrike aspek van God, wat ons moet leer. Onthou: jy mag nie onderrig gee nie, net die proses fasiliteer. Vra vrae!

Skepping

1.	Genesis 1:1-25	Daar is 'n God en Hy skep die wêreld
2.	Genesis 2:4-24	God skep die man en vrou

Die Val en die Vloed

3.	Genesis 3:1-24	Ongehoorsaamheid van die man en vrou teenoor God en hul straf
4.	Genesis 6:5-8:14	God treur oor die mens se ongehoorsaamheid – daar is gevolge vir ongehoorsaamheid – God gebruik 'n vloed om die mensdom uit te wis en alleen Noag en sy gesin word gered

God berei voor vir die Verlosser

5.	Genesis 12:1-8, 15:1-6; 17:1-7; 22:1-19	God seën Abraham en toets sy geloof
6.	Exodus 20:1-21	God gee Sy gebooie vir Sy mense
7.	Levitikus 4:1-35	God vereis offerandes vir die sondes van Sy mense
8.	Jesaja 53	God voorspel die lyding van die beloofde Verlosser

God stuur die Verlosser

9.	Lukas 1 :26-38,2:1-20	Jesus is gebore volgens profete
10.	Matteus 3; Johannes 1 :29- 34	Johannes getuig dat Jesus die beloofde Seun van God is.
11.	Johannes 3:1-21	Jesus is God se enigebore Seun wat gestuur is om die wêreld te red
12.	Johannes 4:1-26,39-42	Jesus is die beloofde Messias
13.	Lukas 5:17-26	Jesus het gesag om sondes te vergewe en om te genees
14.	Markus 4:35-41	Jesus het gesag oor die wind en see
15.	Markus 5:1-20	Jesus het gesag oor bose geeste
16.	Johannes 11: 1-44	Jesus het gesag oor die dood
17.	Matteus 26: 17 -30; Johannes 18:1-19:16	Jesus voorspel dat Hy verraai gaan word Jesus maak ‘n belofte aan Sy dissipels en is verraai soos Hy profeteer het
18.	Lukas 23:32-56; 24:1-12	Jesus sterf en is opgewek volgens profesie
19.	Lukas 24: 36-53	Jesus sterf en is opgewek om profesië te volbring en tot vergifnis van sondes
20.	Johannes 3:1-21	As ons in Christus glo sal ons ewige lewe beërwe

As daar genoeg tyd is, mag daar in ‘n byeenkoms meer as een Skrifgedeelte gelees word, of daar kan meer as een keer ‘n week byeengekom word om saam te lees.

Volgeling van Christus: Oorsig

Elkeen van die Skrifgedeeltes hieronder leer ons belangrike aspekte van hoe om volgelinge van Christus te wees. Met bestaande kerkgangers mag daar met "Waarskuwings teen Leë Godsdiens" begin word. Hierdie Skrifgedeeltes sal mense help met die identifisering van valse godsdiens.
Die Skrifgedeeltes "Leer hoe om 'n Dissipel te wees" sal mense lei om volgelinge van Jesus te word, nadat hulle die keuse gemaak het.

Onthou: gee geen lering - fasiliteer die lering. Vra net vrae!

Waarskuwings teen Leë Godsdiens

1. Matteus 23:1-12	Waarskuwings teen die navolging van slegte geestelike leiers.
2. Matteus 23:13-15	Waarskuwings aan geestelikes wat ander mense weerhou van God
3. Matteus 23:16-22	Waarskuwings aan geestelikes wat hulle aan dubbele standaarde skuldig maak
4. Matteus 23:23-24	Waarskuwings aan geestelike leiers wat fokus op nietige en onbelangrike sake
5. Matteus 23:25-28	Waarskuwings aan geestelike leiers wat hulself as heilig voordoen
6. Matteus 23:29-39	Waarskuwings aan geestelike leiers wat die mense van God vervolg

Aanvanklik sal mense geneig wees om hierdie skrifgedeeltes toe te wil toepas op die lewens van ander leiers wat hulle ken, of van weet. Help hulle om die Skrif eerder op hul eie lewens toe te pas.

Leer hoe om ‘n Dissipel te wees

1.	Lukas 4:1-3	Dissipels gebruik die Skrif om versoekinge te weerstaan
2.	Lukas 5:1-11	Dissipels laat alles agter om Jesus te volg
3.	Johannes 4:28-30	Dissipels lei ander na Jesus
4.	Hand. 17:16-34	Dissipels is wys en opreg wanneer hulle met ongelowiges omgaan
5.	Hand. 4:23-31	Dissipels sal vervolg word net soos Jesus vervolg was
6.	Hand. 21:1-14	Dissipels, nes Jesus, moet nie bang wees om hulle lewens op te offer nie
7.	Hand. 18:1-11	God help dissipels om vervolging te verdra
8.	Lukas 15:11-32	Dissipels versoen gebroke verhoudings
9.	Markus 7:14-23	Boosheid begin in die hart en sit oor in dade
10.	Markus 19:1-12	Die huwelik is ‘n lewenslange verbond
11.	Matteus 5:33-37	Dissipels hou hulle woord
12.	Matteus 5:43-48	Dissipels het hulle vyande lief
13.	Lukas 18:9-14	Dissipels is nederig voor God
14.	Lukas 15:11-24	Dissipels sien God as hulle Pa
15.	Matteus 26:39-42	Dissipels moet hulle wil aan God se wil onderwerp
16.	Matteus 18:21-35	Dissipels vergewe ander soos God hulle vergewe het

Vir meer informasie, gaan na:
www.discipleship.co.za